



— d ur N. H.  
THEUNISSEN

**R**OBERT BURNS is algemeen bekend as die grootste digter van liedere in die Engelse taal. Min van Burns se liedere was egter oorspronklik. Dit was sy gewoonte om op die Skotse platteland rond te reis en die honderde fragmentariese liedjies en rympies wat onder die Boere bestaan het, net soos daar in Afrikaans talle fragmente bestaan, te versamel en hierdie stukies en brokkies het hy dan uitgebrei en omgeskep tot die soetvloeiende liedere waarvoor hy so beroemd is. So 'n lied bv. is sy „John Anderson, My Jo John.” Die oorspronklike is te ru en onbeskaafd om hier geplaas te word, maar Burns se verwerking daarvan is baie mooi. Hier volg dit in die vertaling van pres. F. W. Reitz:

**JAN ANDERSON.**

Jan Anderson, my man, Jan,  
Toe ek jou eers leer ken,  
Toe was jou hare swart, Jan,  
En jy was soos 'n pen.  
Maar nou's jou hare wit, Jan,  
Jy's oud en afgemat,  
Maar seën op jou gryse kop,  
Jan Anderson, my skat.

Jan Anderson, my hart, Jan,  
Ons het langs dieselfde pad  
Die berg beklim, en veel genot  
Het ons tesaam gehad.  
En nou daal ons weer af, Jan,  
Maar hand aan hand gevat.  
Dan rus ons same aan die voet,  
Jan Anderson, my skat.

Eaie van die Afrikaanse liedjies wag net op 'n Burns. Langenhoven en Eugene Marais het al 'n begin gemaak, maar daar is nog baie wat verbeter moet word. Hier volg 'n voorbeeld. Let op na die verskillende wisselvorme.

**STAAN POPPIE STAAN!**

Staan, Poppie (of Pollie), staan,  
En laat jou gedagte gaan,  
Dan kan jy vir my sê  
Hoe ver die liefde lê,

**REFREIN:**  
Die haan die kraai,  
Die dag breek aan,  
Gee my die ja-woord,  
Voor ek gaan.

Staan, Poppie, staan,  
En laat jou gedagte gaan,  
Dat jy vir my kan sê,  
Of jy vir my wil hê,

**REFREIN:**

Poppie, jy moenie jok nie,  
Jy moet die waarheid sê,  
Jy moet die waarheid sê,  
Of jy vir my wil hê.

In party distrikte is die refrein as volg:

Hand om die nek,  
Soen op die bek,  
Vat jou goed en trek,  
(of sover die liefde trek),

terwyl ander mense weer die ou refrein omskep in 'n splinternuwe liedjie:

Die rooidag breek,  
Die hoenders kraai,  
Die dag kom uit,  
Die voëltjies fluit.  
En Pollie jy moet ja sê,  
En Pollie jy moet ja sê,  
Want die boetie wil nou ry.

Uit hierdie mengelmoes het Eugene Marais die volgende geskep:

**STAAN POPPIE STAAN.**

Staan, Poppie, staan,  
Laat jou gedagte gaan,  
Dat jy vir my kan sê,  
Hoe diep die liefde lê.  
Ag, sê my sonder vrees,  
Kan dit die liefde wees?

O liefling, soet en teer,  
Wat sak jou oë neer,  
So donker as die nag,  
Met al haar sterreprag?  
O, sê my tog gewis,  
Of dit die liefde is?

Wat maak die helder roos,  
Wat in jou wange bloos?  
Van waar die groot rumoer,  
Wat in jou are roer?  
O, sê my tog gewis,  
Of dit die liefde is?

Die volgende is onbeduidende brokkies en is miskien almal fragmente van oorspronklike langer stukke. Hulle word gewoonlik in dansmusiek gebesig om dit 'n bietjie op te ruim. Hulle wag net op 'n Burns of Marais vir uitbreiding.

Die Kaapse nooitens is wonderlik  
jaloers,  
Wonderlik jaloers, wonderlik ja-  
loers.

So ry die trein,  
Die Kimberley se trein,  
Ek sê vir jou,  
Dis 'n lekker trein,  
Kimberley se trein.

Ag sies, tant Sara,  
Met jou bloekomblare.  
So ry die trein,  
Die Kimberley se trein,  
Die Kimberley se trein.  
Hoor daar hoe stoom hy,  
Opdraend en afdraend,  
Kimberley se trein.

Japie my skapie,  
Ek verlang na jou,  
Japie my skapie,  
Ek het lief vir jou,  
Kalkoentjies trap al so, al so,  
Kalkoentjies trap al so, al so.

(Vervolg op bladsy 45)

## Ons Volksliedjies

(Vervolg van bladsy 9)

*Japie my skapie,  
Ek verlang na jou,  
Japie my skapie,  
Ek wil met jou trou,  
Kalkoentjies trap al so, al so,  
Kalkoentjies trap al so, al so.*

---

*Saai die waatlemoen,  
Saai die waatlemoen,  
Saai die waatlemoen,  
Saai die waatlemoen,  
My mamma roei in 'n skuitjie,  
Hy pappa blaas 'n fluitjie,  
My boetie draai 'n orreltjie,  
Saai die waatlemoen.*